LORRAINE KRUGER - PROFIEL

Lorraine is iemand wat nie kan stilsit nie. Sy soek gedurig iets om haar hande mee besig te hou. Sy's spesifiek 'n baie bekwame naaldwerkster en kan met pragtige en kreatiewe skeppings vorendag kom, o.a. trourokke. Dis 'n groot liefde in haar lewe. Sy het 4 kinders (met hul gades) en 3 kleinkinders, wat die punt van hul ouma se hart is (en wat gereeld iets uit Ouma se kreatiewe hand ontvang!).

By Lewensverryking Seminare se kantoor hanteer sy navrae en inskrywings vir seminare. Sy maak al die "boksies" wat in een of ander verband by die seminare gebruik word en doen die kopieerwerk van die CD's en DVD's van seminaarmateriaal wat verkoop word. Lorraine het 'n lang pad as gelowige geloop voordat Jesus Christus nie net haar Verlosser nie, maar ook Here van haar lewe geword het. Hy is nou die Heel Belangrikste Een in haar lewe.